Diskussie-artikel

Die Artikel 38-dilemma

Dit is ’n jaar na die spesiale sinode. Waarskynlik het die meeste lidmate die impak van die spesiale sinode se besluit verwerk en word dit in die meeste gemeentes met rustigheid geïmplementeer. Tog is die impak van die besluit nog nie oral besef nie, en kan dit nog rimpelings in die kerkverband meebring.

1. Aanloop

Ek glo die meeste van ons lidmate is ingelig oor die besluite, ek wil nie in detail alles herhaal nie.

Na aanleiding van die 1958-sinodebesluit is die vraag in 2000 gevra: "Maar wat is die plek van die vrou in die kerk?" Deputate is aangewys en die rapport op sinode 2003 het aanbeveel dat vroue in die amp / diens van diakens bevestig mag word.

(Ek is oortuig dat hierdie deputate – met die edelste bedoelings – nie hulle opdrag uitgevoer het nie. Die opdrag het duidelik ten agtergrond gehad: as vroue nie in die ampte van predikant, ouderling of diaken kan dien nie, wat is dan hulle plek? Steeds weet ons nie wat die taak van die vrou buiten die besondere ampte in die kerk is nie).

Op Sinode is daar oor ’n baie emosionele pleidooi gelewer dat vrou tot al drie ampte verkies sou kon word. Hierdie emosie het nog elke sinode na 2003 opgeflikker, veral nadat ’n beswaar in 2006 geslaag het wat ten gevolg gehad het dat vroue nie tot die diakenamp gekies kan word nie. Die vraag: "Hoe gaan ons dit nou aan my vrou / suster / dogter oordra?"

Dit is geskiedenis dat in 2009 weer ’n aantal beswaarskrifte gedien het, met die gevolg dat vroue weer verkiesbaar was as diakens.

2012 en 2015 was weer gekenmerk as beswaarskrifsinodes. Die "omkeerstrategie" plaas die vrou op ys, wat smelt in 2015 en daar word besluit op ’n spesiale sinode in 2016.

2. 2016-sinode

Op hierdie sinode – so het ek dit ervaar – is die emosie op die agtergrond geskuif en die Woord is eerlik en opreg bestudeer. Kort saamgevat is op grond van die Skrif besluit dat vroue wel in die diaken-amp diensbaar kan wees maar nie in die ouderling- of predikant-amp nie vanweë die duidelike uitspraak van die Bybel oor die toepassing van gesag deur die geslagte.

My ervaring was dat die Bybel en nie menseregte, vroueregte, seksisme of diskriminasie ’n rol in die besluite geneem het nie.

Ongelukkig is die besluite geneem met die tel van stamme. Ek sê "ongelukkig" omdat ek glo dat ons duidelik en eerlik na God moet luister en uiteindelik moet kan sê: "So sê die HERE Here!" Ek skat dat die besluit dat die vroue as diakens mag dien sowat 60% teen 40% was, maar dat die besluit om hulle nie die ander ampte toe te laat nie 85% teen 15% was. (Ek vind dit uiters vreemd dat die telling van stemme nie bekend gemaak word nie. Waarom weet net die telkommissie en die moderamen dit?).

3. Artikel 38

Daar is heelwat gemeentes waar die getal ouderlinge vyf of minder is. Drie prominente Kerkregtelikes in die GKSA (Van der Linde, Spoelstra en Visser) beklemtoon die feit dat daar nie ’n hiërargie in die kerk mag wees nie. Al drie beklemtoon dit dat as die getal ouderlinge min is, diakens as hulp-ouderlinge moet dien. Inderdaad bepaal die Kerkorde dat dit die geval moet wees as die getal minder as drie is.

Hierdie diakens word dus voluit as ouderlinge gereken. (Ouderlinge is dan ook hulp-diakens met die volle opdrag wat die diakens in die kerk beklee.)

Nou die praktyk: op ’n klein plattelandse gemeente is daar drie ouderlinge en drie diakens. ’n Diaken vra ontslag en op grond van besluite van die sinode stel iemand suster Sy-Het-Mooi-Gawes voor as diaken. Sy het as diaken in die vorige gemeente gedien – sy was selfs voorsitter van die diakonie!

Op grond van artikel 38 mag sy dus sekere aspekte van die werk nie doen nie – soos om as hulp-ouderling op te tree in tugsake, ensovoorts, nie. Moet sy dan bevestig word? My persoonlike mening? Nee. Wat die sinode het tereg op Skrifgrond besluit dat vroue nie as ouderlinge en predikant mag dien nie.

4. Slot

Daar behoort ’n eenvormige praktyk in die GKSA te wees. Die ou paar klein gemeentetjies met min ouderlinge is nie minder kerke en liggaam van Christus nie.

Wat die oplossing is het ek in ’n vorige artikel in Die Kerkblad bepleit: twee tipes diaken waar ons (soos by die ouderlinge) ’n leer/regeer-diakens en ’n sorg-diaken het.

’n Laaste vraag is ook nog onbeantwoord: wat is die plek van die vrou in die kerk – veral in die klein plattelandse gemeente?